Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2022

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur                                                                 150 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
3. **Beantwoord AL die vrae op hierdie vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat voorsien word, te skryf.**
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
6. Lees die vrae sorgvuldig. Let op die werkwoorde in die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
7. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect".
8. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts. Eenwoordantwoorde sal nie noodwendig vir jou die punt gee nie. Jy moet volsinne skryf.
9. MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.
10. TWEE blanko bladsye (bladsy 39 en 40) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

**SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK:**

| NASIENER MOET PUNTE HIERONDER INSKRYF | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **V1** | **V2** | **V3** | **V4** | **V5** | **V6** | **V7** | **V8** | **V9** | **TOTAAL** |
| | | | | | | | | | |
| **15** | **10** | **20** | **19** | **10** | **12** | **14** | **26** | **24** | **/150** |
| **NASIENER/MODERATOR MOET HIERONDER PARAFEER** | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

IEB Copyright © 2022

VIR NASIENER SE GEBRUIK

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies die woord(e) in Kolom B wat die **BESTE** by die beskrywing in Kolom A pas. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 1.1.6 M.

| | Kolom A | Kolom B |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Die druk van hierdie kombinasie sleutels is een van die maniere om toegang te verkry tot die venster van die *Task Manager* op jou rekenaar. | A. e-poshandtekening |
| 1.1.2 | 'n Opsie in 'n e-posprogram wat e-posboodskappe ouer as ses maande outomaties na 'n spesiale gids skuif. | B. OneNote |
| 1.1.3 | 'n Toepassing in die MS Office-suite wat ideaal is vir die stoor van inligting wat van die web afgelaai is of om aantekeninge te maak tydens 'n vergadering. | C. Notepad++ |
| 1.1.4 | 'n Opsie wat in 'n e-posprogram geaktiveer kan word om inkomende boodskappe outomaties in verskillende gidse te sorteer. | D. deelware |
| 1.1.5 | Norton en Bitdefender staan bekend as … tipes teenvirussagteware. | E. Ctrl+Shift+T |
| | | F. outomatiese argivering |
| | | G. gratis sagteware |
| | | H. Ctrl+Alt+Del |
| | | I. e-posreël |
| | | J. Outlook |
| | | K. alleenstaande |
| | | L. Microsoft Publisher |

**SKRYF JOU ANTWOORD HIER**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | | (1) |
| 1.1.2 | | (1) |
| 1.1.3 | | (1) |
| 1.1.4 | | (1) |
| 1.1.5 | | (1) |

IEB Copyright © 2022

1.2 Kies die **TOEPASLIKSTE** antwoord op elke vraag. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 1.2.11 D.

1.2.1 Watter een van die volgende aksies **SAL** data in 'n sigblad (spreitabel) **NIE** teen ongemagtigde toegang beskerm nie?

A Verander die kleur van die font na deursigtig.
B Beperk toestemmings in 'n werkboek.
C Enkripteer die sigbladlêer.
D Beperk toestemmings van die sigbladlêer.

| 1.2.1 | |
|---|---|

(1)

1.2.2 'n E-pos met 'n aanhegsel wat 'n … lêeruitbreiding het, kan beteken dat die lêer 'n virus het.

A *.xlsx
B *.docx
C *.exe
D *.pdf

| 1.2.2 | |
|---|---|

(1)

1.2.3 Watter van die volgende funksies lei daartoe dat 'n antwoord ondertoe afgerond word tot die naaste heelgetal?

A =ROUND(5.58,1)
B =AVERAGE(C1:C6)
C =INT(24.7)
D =TRUNC(21.73,1)

| 1.2.3 | |
|---|---|

(1)

1.2.4 Identifiseer die stelling wat **NIE** korrek is nie.

A 'n Netwerk is 'n versameling rekenaars wat verbind is.
B 'n LAN kan binne een huishouding gebruik word.
C Ethernet verwys slegs na draadlose netwerktegnologie.
D 'n WAN verbind rekenaars oor stede, lande en kontinente met mekaar.

| 1.2.4 | |
|---|---|

(1)

1.2.5 Die stelselklok …

A bepaal die gehalte van die grafiese gebruikerskoppelvlak.
B is die elektroniese kring in 'n rekenaar wat 'n bestendige stroom digitale seine genereer wat elke operasie sinchroniseer.
C interpreteer en voer instruksies uit om 'n taak te voltooi.
D is 'n kring in 'n rekenaar wat die huidige datum en tyd hou.

| 1.2.5 | |
|---|---|

(1)

1.2.6 Google is 'n voorbeeld van …

A 'n webblaaier.
B 'n webwerf.
C sosiale manipulasie.
D 'n soekenjin.

| 1.2.6 | |
|---|---|

(1)

1.2.7 Watter stelling beskryf die akroniem **www** die beste?

A 'n Versameling rekenaars wat verbind is.
B 'n Versameling dokumente of webwerwe.
C 'n Stelsel wat gebruik word om e-pos te stuur.
D Die Internet.

| 1.2.7 | |
|---|---|

(1)

1.2.8 … is 'n breëband-toegangstegnologie wat hoëspoed-Internetverbinding van 'n privaat huishouding moontlik maak.

A LTE
B FTTH
C WiMAX
D ADSL

| 1.2.8 | |
|---|---|

(1)

IEB Copyright © 2022

1.2.9 … is 'n stelsel of tegnologie wat 'n netwerk beveilig en dit beskerm teen toegang deur ongemagtigde gebruikers.

A Firewire
B 'n Toep
C 'n Brandmuur of Netskans
D Enkripsie

| | |
|---|---|
| 1.2.9 | |

(1)

1.2.10 GIGU (*GIGO*) is 'n gevolg van …

A swak prosedures om data vas te lê.
B swak programmering.
C 'n ineenstorting van gebruikersvertroue.
D swak opleiding in hoe om 'n spesifieke stelsel te gebruik.

| | |
|---|---|
| 1.2.10 | |

(1)
**[15]**

| | | |
|---|---|---|
| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V1 | |

VIR NASIENER SE GEBRUIK

IEB Copyright © 2022

VIR NASIENER SE GEBRUIK

## VRAAG 2

2.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** term/funksie (onderstreep en tussen hakies) vir elke stelling wat volg. Skryf **SLEGS** die term/funksie van jou keuse langs elke stellingnommer in die spasie wat voorsien word.

2.1.1 'n (Navraag/vorm) is 'n databasiseienskap wat die gebruiker toelaat om spesifieke inligting te onttrek wat ooreenstem met 'n waarde wat in 'n spesifieke veld gestoor is.

| 2.1.1 | |
|---|---|

(1)

2.1.2 Die (geskiedenis/boekmerk) is 'n eienskap van 'n webblaaier wat jou toelaat om die adres van 'n webblad te stoor sodat jy dit later kan herbesoek.

| 2.1.2 | |
|---|---|

(1)

2.1.3 'n Versnellingsmeter is 'n toestel wat in (draagbare/tafel-) rekentoestelle ingebou is.

| 2.1.3 | |
|---|---|

(1)

2.1.4 (Defragmentering/Disk Cleanup) van die hardeskyfaandrywer sal meer spasie beskikbaar maak.

| 2.1.4 | |
|---|---|

(1)

2.1.5 (Losprysware/Kuberafknouery) is 'n vorm van aanlyn teistering wat 'n gebruiker kan keer om 'n geselstoepassing of -diens te gebruik, aangesien dit hom/haar ongemaklik laat voel.

| 2.1.5 | |
|---|---|

(1)

2.1.6 Die volgende sin "It was a nice party" is getik deur om 'n woordverwerkingsprogram te gebruik. Die (speltoets-/tesourus-) eienskap van die program kan gebruik word om 'n sinoniem vir die woord "nice" te vind.

| 2.1.6 | |
|---|---|

(1)

IEB Copyright © 2022

2.2 Gee 'n toepaslike verduideliking wat elkeen van die volgende terme die **BESTE** beskryf:

2.2.1 Mobiele kantoor

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.2.2 Skyfskandeerder

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.2.3 Intranet

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.2.4 Warmkol (*Hotspot*)

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)
**[10]**


**25 punte**

| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V2 | |
|---|---|---|

## AFDELING B

## VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË

3.1 Voltooi die tabelle hieronder deur die voorwerpe/items in die beelde te identifiseer en hul hooffunksie te noem.

| **3.1.1** |  [<https://www.anandtech.com/show/456>] |
|---|---|
| **Naam van hardeware** | (1) |
| **Hooffunksie** | (1) |

IEB Copyright © 2022

**3.1.2**



[<https://www.techradar.com/how-to/computing-components/>]

| | |
|---|---|
| **Naam van hardeware** | ______________________ (1) |
| **Hooffunksie** | ______________________<br>______________________<br>______________________<br>______________________<br>______________________<br>______________________ (1) |

VIR NASIENER SE GEBRUIK

**3.1.3**



[<https://www.oasistechnologies.co.za/FindCategory.aspx?SelectedGroup>]

| | |
|---|---|
| **Naam van hardeware** | (1) |
| **Hooffunksie** | (1) |

VIR NASIENER SE GEBRUIK

**3.1.4**




[<https://onlyonline.co.za/product/>]

| | |
|---|---|
| **Naam van hardeware** | ______________________________ (1) |
| **Hooffunksie** | ______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________<br>______________________________ (1) |

IEB Copyright © 2022 

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.2 Jy werk vir 'n klein onderneming en merk op dat een van jou kollegas sy/haar rekenaar afskakel deur die kragknoppie te druk en in te hou (gedwonge afskakeling), in plaas daarvan om die korrekte manier te gebruik om die rekenaar af te skakel. Gee **TWEE** redes waarom dit **NIE** 'n goeie idee is om gereeld 'n gedwonge afskakeling op 'n rekenaar uit te voer nie.

Rede 1: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Rede 2: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

3.3 Wanneer 'n rekenaar probleme met sy Windows-bedryfstelsel het, veral indien die rekenaar nie korrek afskakel nie, watter **TWEE** oplossings kan jy voorstel om die stelsel reg te stel?

Oplossing 1: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Oplossing 2: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

3.4 Onderskei tussen die *Save*- en *Save As*-opsie wanneer jy met 'n dokument werk.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.5 Thando het 'n hele gids wat belangrike dokumente bevat van die rekenaar se hardeskyfaandrywer geskrap. Hy is nie vertroud met die gebruik van die herwindrom (*Recycle Bin*) nie en vra jou advies.

3.5.1 (a) Definieer die term *Recycle Bin*.

(1)

(b) Verduidelik aan Thando waarom die gids vir altyd verlore sal wees indien dit op 'n flitsaandrywer gestoor was.

(1)

3.5.2 Wanneer Thando 'n ou flitsaandrywer in sy rekenaar inprop, verskyn 'n boodskap wat vra of hy die aandrywer wil formateer. Verduidelik aan hom wat sal gebeur indien hy die flitsaandrywer formateer.

(2)

3.5.3 Daar word aanbeveel dat Thando die *Recycle Bin* op 'n gereelde basis leegmaak. Windows 10 het 'n opsie in die verstellings wat jy kan gebruik om die *Recycle Bin* op 'n daaglikse, weeklikse of maandelikse basis leeg te maak. Waarom moet Thando dit oorweeg om hierdie aanbeveling te implementeer?

(1)

IEB Copyright © 2022 

3.5.4 Thando wil lêers op 'n flitsaandrywer stoor. Die flitsaandrywer is redelik vol en daar is nie veel spasie daarop oor om nog lêers te stoor nie. Hoe sal hy die nuwe lêers kan stoor en sy ou lêers op die flitsaandrywer kan hou?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(1)
**[20]**

| | | |
|---|---|---|
| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V3 | |

IEB Copyright © 2022

VIR NASIENER SE GEBRUIK

## VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

4.1 'n Tersiêre kollege moet sy studente van 'n verbinding met die Internet voorsien. Gee **EEN** rede waarom die kollege 'n breëband-verbinding in plaas van 'n inbelmodem-verbinding moet kies.

________________________________________

________________________________________ (1)

4.2 Alle studente by die kollege gebruik skootrekenaars wat met die kollegenetwerk verbind kan word deur 'n draadlose verbinding te gebruik. Gee **TWEE** voordele en **TWEE** nadele van draadlose verbindings.

Voordeel 1: ________________________________

________________________________________

________________________________________

Voordeel 2: ________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

Nadeel 1: ________________________________

________________________________________

________________________________________

Nadeel 2: ________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

4.3 Die kollege moet op 'n gereelde basis met sy studente kommunikeer. Stel in elkeen van die volgende gevalle die beste elektroniese kommunikasiemetode voor. (Handelsname mag gebruik word wanneer hierdie vraag beantwoord word.)

4.3.1 Basiese en administratiewe korrespondensie met rekeninghouer.

________________________________________ (1)

4.3.2 Stuur 'n dringende boodskap aan alle studente dat 'n toets gekanselleer is.

________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022 

4.3.3 Lig studente in oor die nuwe handboeke wat volgende maand beskikbaar sal wees.

________________________________________ (1)

4.3.4 Stel 'n ondersteunersblad vir studente op.

________________________________________ (1)

4.4 Die kollege moet verseker dat wanneer studente op die kampus is, hulle nie toegang kan verkry tot nie-opvoedkundige webwerwe nie. Gee **DRIE** metodes wat dosente kan gebruik om te verseker dat hul studente veilig is terwyl hulle op die web "swerf".

Metode 1: ____________________________________

________________________________________

________________________________________

Metode 2: ____________________________________

________________________________________

________________________________________

Metode 3: ____________________________________

________________________________________

________________________________________ (3)

4.5 Die kollegepersoneel het voorgestel dat al die personeel van 'n VPN gebruik maak.

4.5.1 Wat is 'n VPN? (Moenie bloot die akroniem uitbrei nie.)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

4.5.2 Gee **TWEE** voorbeelde van hoe 'n VPN nuttig sal wees vir die personeel.

Voorbeeld 1: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Voorbeeld 2: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

4.5.3 Die kollegebestuur is bekommerd oor bykomende koste. Sal hulle enige spesiale hardeware buiten die netwerkverbinding vir die VPN nodig hê?

______________________________________________ (1)

4.6 Wanneer 'n netwerk opgestel word, moet die kollegetegnikus weet watter verskillende protokolle vir dataoordrag beskikbaar is.

Verduidelik kortliks wat met die term *protokolle* bedoel word en gee **EEN** voorbeeld.

Verduideliking: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

Voorbeeld: ______________________________________________ (1)

**[19]**

| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V4 | |
|---|---|---|

VIR NASIENER SE GEBRUIK

## VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR




Lewe, gesondheid en sorg is vasgelê in alles wat ons doen. Ons dra hierdie klem deur in ons toewyding aan welsyn en lewensgehalte, kliniese uitmuntendheid in wêreldklasfasiliteite, gehaltediens, respek en 'n gees van gee aan diegene wat aan ons sorg toevertrou is. Met lewe die kern van alles wat ons doen, hou die kritieke komponente van gesondheid en sorg alles bymekaar. Ons doel is om die lewe beter te maak. En ons verwesenlik hierdie doel deur middel van ons deernisvolle en pasiëntgesentreerde benadering.

[<https://www.lifehealthcare.co.ca/about-us/a-closer-look/>]

5.1 Hospitale moet inligting oor pasiënte insamel en rekords daarvan hou. Hulle moet ook daagliks versoeke deur verpleegsters, dokters en mediesefonds-maatskappye bestuur.

5.1.1 Die hospitaal gebruik 'n vorm wat met 'n databasis geskep word. Wanneer 'n pasiënt se data deur die ontvangsdame vasgelê word, is dit belangrik dat geen foute gemaak word nie. Stel **TWEE** tipes beperkings voor wat sal verseker dat slegs data wat aan sekere kriteria voldoen, aanvaar sal word wanneer die data vasgelê word.

________________________________________

________________________________________

(2)

5.1.2 Wanneer die ontvangsdame die pasiënt se data vaslê, is dit noodsaaklik om te bevestig dat alle persoonlike data korrek is. Identifiseer **TWEE** data-items wat tipies vir opname in 'n hospitaal benodig word.

________________________________________

________________________________________

(2)

IEB Copyright © 2022

VIR NASIENER SE GEBRUIK

5.2 Die hospitaalbestuurder wil graag terugvoer verkry oor die gehalte diens wat die hospitaalpersoneel lewer. Hy vra een van die hospitaalsekretaresses om al die voltooide terugvoervorms in 'n Excel-sigblad vas te lê.

Gebruik die opskrifte wat hieronder gegee word en verduidelik die proses wat gevolg moet word om te verseker dat nuttige inligting uit die voltooide terugvoervorms verkry word.

Toevoer: ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Verwerking: ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Afvoer: ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

(3)

IEB Copyright © 2022 

5.3 Verduidelik wat data-enkripsie is en waarom 'n hospitaal dit moet oorweeg om sy data te enkripteer.

Verduideliking: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Rede vir enkriptering van data: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

5.4 Noem **EEN** algemene eienskap van sigblaaie wat hulle geskik maak vir data-ontleding.

______________________________________________

(1)

**[10]**

| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V5 | |
|---|---|---|

IEB Copyright © 2022

VIR NASIENER SE GEBRUIK

## VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

Tegnologie het 'n diepgaande impak gehad op wat dit beteken om sosiaal te wees. Die samelewing is waarskynlik op die rand van 'n sosiale revolusie waartydens dit belangrik sal wees om sosiaal toepaslike en aanvaarbare gedrag (oor digitale of virtuele wisselwerking) sowel as inklusiwiteit van almal wat tegnologie moet gebruik, te herdefinieer.

6.1 Sleutelvaslê- (*Keylogger*) sagteware vorm deel van 'n groter groep gevaarlike, ongewenste sagteware wat spioenware (*spyware*) genoem word.

6.1.1 Verduidelik kortliks wat *sleutelvaslê*sagteware op 'n rekenaar doen.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (1)

6.1.2 Stel **TWEE** maniere voor waarop jy kan voorkom dat jou rekenaar met *spioenware* geïnfekteer word.

Voorstel 1: ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Voorstel 2: ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (2)

6.2 Tegnologie kan verskillende mense en kulture bymekaarbring. Hoe sal rekenaartegnologie 'n voordelige effek op kulture en tale hê?

____________________________________________

____________________________________________ (1)

6.3 Baie mense is deesdae deel van die "Inligtingsera" en hulle kommunikeer daagliks deur e-pos te gebruik. Daar is egter party mense wat onaanvaarbare gedrag openbaar wat die stuur van fopboodskappe kan insluit. Gee **TWEE** aanduidings wat daarop kan dui dat 'n e-pos 'n skelmstreek is.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

6.4 *Botnet* is 'n term wat algemeen met kubermisdaad geassosieer word. Definieer die term *botnet* en verduidelik hoe dit werk.

Definisie: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Hoe werk dit? ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

6.5 Noem **TWEE** tipes aanvaarbare gedrag wat jy in gedagte moet hou wanneer jy met jou eie toestel met die Internet verbind deur 'n vriend se toegangspunt te gebruik.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

6.6 Verduidelik waarom 'n mobiele rekentoestel nie 'n UPS vereis nie.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (2)

**[12]**

| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V6 | |
|---|---|---|

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

Bestudeer die volgende ontleding van die uitslae van 'n sekere toets wat in 'n sigblad vasgelê is en beantwoord dan die vrae wat volg:

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | | | **Getal vrae** | **50** | | |
| **2** | **Van, Naam** | **Klas** | **Vrae beantwoord** | **Vrae korrek** | **%** | |
| **3** | Potter, Harry | A | 50 | 40 | 80.0% | |
| **4** | Ford, Henry | B | 30 | 15 | #VALUE! | |
| **5** | Du Plessis, Juanita | A | 38 | 19 | 47.5% | |
| **6** | Moore, Demi | C | 45 | 36 | 240.0% | |
| **7** | Dion, Celine | B | 35 | 30 | 157.9% | |
| **8** | Hendricks, Cornel | A | 35 | 30 | 83.3% | |

7.1 Die formule in sel **E3** om die persentasie te bereken van vrae wat uit al die vrae korrek beantwoord is (in sel **D1** gegee), is: = **D3** / **D1**. Hierdie formule werk korrek in sel **E3** maar gee verkeerde resultate wanneer dit gekopieer word na die selle daaronder (**E4**:**E8**).

Verduidelik waarom dit gebeur en hoe die probleem opgelos kan word.

Probleem: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Oplossing: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

7.2 Die getal vrae wat werklik deur die leerders beantwoord is, word in kolom C gestoor.

Skryf die formule neer wat in sel F3 benodig word om die persentasie vrae te bereken wat die leerder Harry Potter korrek beantwoord het uit al die vrae wat hy beantwoord het. Neem aan dat sel F3 reeds korrek as 'n persentasie geformateer is.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

7.3 Die huidige ontwerp van die sigblad kan 'n probleem veroorsaak indien die gebruiker die data in 'n possaamvoeging wil gebruik en die leerders op hul voornaam (kolom A) wil aanspreek.

Verduidelik kortliks hoe die sigblad herontwerp kan word om die probleem te voorkom.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

7.4 Die onderwyser wil bepaal hoeveel leerders die toets geskryf het. Hy gebruik die formule **=COUNT(A3:A8)** in sel F1.

Skryf die resultaat neer wat in sel F1 sal verskyn.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

7.5 Die gebruik van die ALT-eienskap in HTML-kode sal voordelig wees vir beide siende en swaksiende/blinde mense. Gee vir elkeen van die groepe **EEN** rede waarom dit die geval sal wees.

Siende mense: ________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Swaksiende/blinde mense: ________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

7.6 'n *Access*-navraag in ontwerpaansig word hieronder getoon.

Die navraag is veronderstel om die vanne te vertoon van mense wie se vanne met die letter "D" begin EN wat NIE 'n waarde in die *ID_Number*-veld bevat nie. Wanneer dit geloop word, lewer die navraag ongelukkig nie die verwagte resultaat op nie.

Noem **VIER** veranderinge wat aan hierdie navraag aangebring moet word voordat dit gebruik kan word om die korrekte inligting te vertoon. (Dit is nie nodig om die diagram oor te teken nie.)

| | | |
|---|---|---|
| Field: | [Surname] | [ID_Number] |
| Table: | Table1 | Table1 |
| Sort: | | |
| Show: | ☐ | ☐ |
| Criteria: | Like "D" | |
| or: | | Is Not Null |

Verandering 1: ____________________

____________________

Verandering 2: ____________________

____________________

Verandering 3: ____________________

____________________

Verandering 4: ____________________

____________________

(4)

7.7 Gee **EEN** voordeel daarvan wanneer die Track Changes-eienskap van Word gebruik word om die hersienings in ballonne in plaas van in die reël te toon.

(1)

7.8 Waarom sal 'n mens tipies die naam van 'n dokument as 'n *veld* eerder as *normale* teks in die dokument invoeg?


(1)
**[14]**

| | | |
|---|---|---|
| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V7 | |

**75 punte**

## AFDELING C

## VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO




[<https://www.travelstart.co.za/lp/travel-agency>]

**Figuur 1**

Travelstart-reisagentskap wil graag tegnologie implementeer om te verseker dat hul besprekings glad verloop. Hulle wil ook hul onderneming laat groei en met ander reisagentskappe kan meeding.

8.1 Om te verseker dat die reisagentskap die beste moontlike toeristeattraksies vir hul kliënte kan opspoor deur van tegnologie gebruik te maak, word aanbeveel dat die agentskap 'n GPS-toestel vir die onderneming koop.

8.1.1 Gee **TWEE** redes waarom dit beter is om 'n GPS-toestel in plaas van 'n outydse gedrukte kaart te gebruik wanneer jy reis of na 'n bepaalde plek soek.

Rede 1: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Rede 2: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.1.2 Daar word voorgestel dat die reisagentskap gebruik maak van draagbare toestelle soos slimfone wat geo-etikettering (*geotagging*) ondersteun.

Wat word met *geo-etikettering* bedoel?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

8.1.3 Noem **TWEE** voordele van die gebruik van geo-etikettering.

Voordeel 1: ________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Voordeel 2: ________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022




[<https://www.incredible.co.za/dell-inspiron-5593-i7-1065g7-16gb-256gb-ssd-4gb-graphics-notebook>]

**Figuur 2**

8.2 Die reisagentskap moet verseker dat die konsultante toestelle het wat op datum is met die jongste tegnologie. Om hierdie rede moet hulle 'n notaboek oorweeg.

8.2.1 Onderskei tussen 'n skootrekenaar en 'n notaboek.

(2)

8.2.2 Identifiseer waarna die 15.6 duim-eienskap in die advertensie verwys.

(1)

8.2.3 Watter hardewaretoestel kan met die rekenaar verbind word wanneer bykomende USB-poorte benodig word?

(1)

8.2.4 Verduidelik wat met die term *vingerafdrukleser-sekuriteit* bedoel word **EN** waarom dit 'n veiliger manier is om toegang tot die notaboek te verkry.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________
(2)

8.2.5 Identifiseer die tipe sagteware wat deur Windows 10 Home verteenwoordig word.

______________________________________________________________

______________________________________________________________
(1)

8.3 Die reisagentskap moet ook 'n drukker koop. Die volgende spesifikasies word met betrekking tot 'n drukker gegee en die konsultant het 'n paar vrae oor die spesifikasies:

**HP DeskJet 3835. Print technology: Thermal Inkjet, Printing: Colour printing, Maximum resolution: 4800 × 1200 DPI, Print speed (colour, normal quality, A4/US Letter): 6 ppm. Copying: Colour copying, Maximum copy resolution: 600 × 300 DPI. Scanning: Colour scanning, Optical scanning resolution: 1200 × 1200 DPI. Faxing: Colour faxing. Maximum ISO A-series paper size: A4. Wi-Fi. Product colour: Black**

[<https://www.chafrica.co.za/products/hp-deskjet-ia-3835-all-in-one-printer/hp-deskjet-ia-3835-all-in-one-printer>]

8.3.1 Watter spesifikasie verwys na die drukspoed?

______________________________________________________________

______________________________________________________________
(1)

8.3.2 Wanneer 'n konsultant probeer om 'n drukker op sy rekenaar te installeer, verskyn 'n boodskap wat hom vra om 'n toestelaandrywer te laai.

(a) Verduidelik wat 'n toestelaandrywer is.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

(b) Beveel **TWEE** maniere aan om toestelaandrywers vir die drukker te vind.

Aanbeveling 1: ________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Aanbeveling 2: ________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

8.3.3 Noem **TWEE** van die voordele daarvan om 'n drukker met draadlose vermoëns te hê.

Voordeel 1: __________________________________

________________________________________

________________________________________


Voordeel 2: __________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022

8.4 Wanneer die reisagentskap die notaboekrekenaars opstel, word die volgende EULA vertoon voordat die installasie voltooi kan word:




[<https://www.google.com/search?q=eula+definition&rlz=>]

**Figuur 3**

8.4.1 Brei die akroniem *EULA* uit en verduidelik waarna dit verwys.

EULA: ______________________________________________

______________________________________________

Verduideliking: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

8.4.2 Waarom is dit belangrik om bewus te wees van die inhoud van die EULA, veral wanneer jy 'n aanlyn diens gebruik?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

(2)

8.5 Wat is die installasie-assistent (*wizard*) op 'n rekenaar?

(2)
**[26]**

| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V8 | |
|---|---|---|

**VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)**

9.1 Die reisagentskap skep 'n aanlyn opnamevorm.

9.1.1 Wat dui die sterretjie- "*" karakter gewoonlik aan op die etiket van 'n vorm waar jy data (byvoorbeeld Naam* of Adres*) insleutel?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

9.1.2 Waarom sal 'n aanlyn opnamevorm miskien **NIE** die beste opsie vir die reisagentskap wees indien hulle wil hê al hul kliënte moet die vorm voltooi nie?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

9.1.3 Die reisagentskap wil die manier vereenvoudig waarop hulle hul kliënte op hoogte hou van die jongste reisinligting. 'n Voorstel is gemaak om 'n blog op te stel. Verduidelik kortliks wat 'n blog is en noem **TWEE** goeie praktyke om te implementeer sodat mense die blog sal wil lees.

Verduideliking: __________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Goeie praktyk 1: ________________________________________________

______________________________________________________________

Goeie praktyk 2: ________________________________________________

______________________________________________________________ (3)

IEB Copyright © 2022

9.1.4 Verduidelik hoe die gebruik van 'n RES-voer (*RSS feed*) ook voordelig vir die kliënte kan wees.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

9.2 Die reisagentskap sal 'n databasis gebruik om al die inligting wat uit die opnames ontvang is, vas te lê.

9.2.1 Noem die databasisobjek wat help om inligting aan te bied in 'n formaat wat die geskikste vir drukwerk is.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

9.2.2 Verduidelik wat die doel van die AutoNumber-datatipe in 'n databasisrekord is deur te verwys na hoe dit werk.

Doel: ________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Hoe dit werk: _________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2022 

9.2.3 Noem **DRIE** voordele van die gebruik van 'n navraag in plaas van 'n filter om inligting uit 'n databasis te onttrek.

Voordeel 1: ______________________________

______________________________

______________________________

Voordeel 2: ______________________________

______________________________

______________________________

Voordeel 3: ______________________________

______________________________

______________________________

(3)

9.3 Die WERKLIKE grootte van 'n beeld genaamd "maldives.jpg" is 1080×900. Hierdie beeld behoort kleiner te vertoon wanneer die volgende HTML-kode uitgevoer word:

```
<img src="maldives.jpg" width="540" height="50" />
```

9.3.1 Hoe beïnvloed die beeldgrootte wat in die HTML-kode gespesifiseer word die grootte van die beeld wat op 'n skyf gestoor word?

______________________________

______________________________

______________________________

(1)

9.3.2 Identifiseer **EEN** moontlike rede waarom die beeld wat vertoon word, verwring kan lyk.

______________________________

______________________________

______________________________

(1)

IEB Copyright © 2022

9.3.3 Lewer kommentaar oor die toeganklikheid vir blinde gebruikers wanneer die beeld op 'n skerm/monitor vertoon word. Motiveer jou antwoord.

Toeganklikheid: ______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Motivering: ______________________________________________


______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

9.4 Wanneer een van die konsultante probeer om 'n opname van 'n klankgreep te speel, kan hy niks hoor oor die luidsprekers wat met die notaboek verbind is nie.

9.4.1 'n Kort ondersoek toon die volumebeheerikoon soos in Figuur 4 hieronder getoon. Verduidelik hoe hierdie inligting kan bydra tot die feit dat daar geen klank is nie.




**Figuur 4**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (1)

9.4.2 Die konsultant stel die probleem wat in Vraag 9.4.1 geïllustreer is reg. Hy kontroleer ook dat die klankkaartaandrywer korrek geïnstalleer is. Beskryf nog **DRIE** dinge wat hy kan doen om die probleem met die klank op te spoor.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (3)

IEB Copyright © 2022

9.5 Die eienaar van die reisagentskap is aangeraai om 'n rekeningkundige pakket te koop om hul rekeninge te bestuur. Hy moet ook 'n teenvirusprogram oorweeg.

9.5.1 Noem **EEN** gewilde rekeningkundige pakket.

________________________________________

________________________________________ (1)

9.5.2 Gee **TWEE** redes waarom mense virusprogramme skryf.

Rede 1:________________________________________

________________________________________

Rede 2: ________________________________________

________________________________________ (2)

**[24]**

| | | |
|---|---|---|
| SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK: | Puntetotaal V9 | |

**50 punte**

**Totaal: 150 punte**

VIR NASIENER SE GEBRUIK

**BYKOMENDE SPASIE OM VRAE TE BEANTWOORD. ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN. NOMMER OOK DIE ANTWOORDE DUIDELIK IN HIERDIE SPASIE.**

IEB Copyright © 2022

VIR NASIENER SE GEBRUIK

IEB Copyright © 2022